

LEWENSLOOP VAN 'N ROOIHARTBEES-
BEVOLKING *ALCELAPHUS BUSELAPHUS*
CAAMA IN DIE BONTEBOK NASIONALE PARK

P T VAN DER WALT

Afdeling Natuurbewaring

Privaatsak X404

Skukuza

1350

G DE GRAAFF

Nasionale Parkeraad

Posbus 787

Pretoria

0001

L J VAN ZYL

Bontebok Nasionale Park

Posbus 149

Swellendam

6740

Abstract – The life history of a re-introduced red hartebeest *Alcelaphus buselaphus caama* population in the Bontebok National Park, near Swellendam, is discussed and illustrated.

Inleiding

Die rooihartbees *Alcelaphus buselaphus caama* kan beskou word as een van suidelike Afrika se mees aanpasbare boksoorte. Historiese verspreidingsrekords, soos weergegee deur du Plessis (1969), dui daarop dat die bok vroeër voorgekom het oor die hele Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat, Suidwes-Afrika, Botswana en die westelike dele van Natal en Transvaal. Wyd uiteenlopende plantegroei en klimaatstreke kom in hierdie dele voor wat wissel vanaf 'n droë sanderige woestyn tot sub-humiede grasveld en boomryke gebiede.

Suid van die Oranjerivier word daar vandag slegs enkele geïsoleerde populasies aangetref in bewaarde gebiede. Tot onlangs was die Bontebok Nasionale Park (BNP), digby Swellendam, een van hierdie gebiede. Hierdie verslag dien as 'n dokumentering van die lewensloop van 'n rooihartbeestrop vanaf hul hervestiging in die BNP (April 1960) tot die verwydering daarvan uit die BNP (1975.05.28).

Die redes vir die inbring van diersoorte in nasionale parke asook 'n beskrywing van die geskiedkundige agtergrond van die BNP, word in besonderhede deur Bateman (1961), Penzhorn (1971) en van Rensburg (1975).

Resultate en Bespreking

'n Bykans volledige beeld van die bevolkingsamestelling van die rooihartbees in die BNP oor die jare 1961–1975, word in Fig. 1 uitgebeeld.




Fig. 1. Lewenshistogram van die rooihartbeesbevolking in die Bontebok Nasionale Park vanaf 1961–1975.

Gelyktydig met die hervestiging van bontebokke *Damaliscus dorcas dorcas* in die bestaande BNP gedurende April 1960, het die rooihartbees sy beslag in die Park gekry toe ses kalwers vanuit die Kalahari-gemsbok Nasionale Park losgelaat is. Die aanvangs-geslagverhouding was 2 ♂♂ : 1 ♀.

Vanuit Fig. 1 is dit duidelik dat 'n algemene vermeerdering onder die vroulike diere oor die jare ingetree het. Dit het egter nie volgens 'n spesifieke patroon geskied nie wat daarop dui dat die hartbeestrop deurentyd heelwat steurnisse ondervind het wat inderdaad die geval was. Die jaarlikse tropontleidings in Fig. 1 toon tot 'n groot mate aan dat die frekwensie en intensiteit van vrektes op sy hoogste is wanneer daar 'n geslagsverhouding van 1:1 heers. Dominansiegevegte onder die bulle kom dan dikwels voor wat lei tot vrektes veral onder die jonger diere. Feitlik al die vrektes wat aangetoon word, kan hieraan toegeskryf word.

Die trop het vanaf 1962–1975 'n gemiddelde kalfpersentasie van 40% gehandhaaf. Dit stem min of meer ooreen met van die ander boksoorte wat in die BNP aangetref word, soos die eland *Taurotragus oryx* (41%) en die bontebok (54%). Ten spyte hiervan kon die rooihartbees nie in dieselfde mater as die eland, bontebok en springbok *Antidorcas marsupialis* oor 'n periode van 15 jaar in 'n lewensvatbare populasie in die BNP ontwikkel nie.

Faktore wat moontlik hiertoe aanleiding kon gee is 'n beperkte lewensruimte (oppervlakte van BNP is 2786 ha), 'n te klein aantal van die diere wat aanvanklik hervestig is, en die heersende toestand van die plantegroei in die Park. Die huidige oorwegende onsmaklike struikgemeenskap in die BNP, het volgens getuieis (Barrow 1801; Lichtenstein 1811) vroeër bestaan as 'n Grasveld. Die retererende graskomponent in die BNP as gevolg van boerderyaktiwiteite in die verlede, kan moontlik tot gevolg gehad het dat die BNP tans meer as 'n marginale verspreidingsgebied beskou kan word vir die rooihartbees. Dit volg daaruit dat die dier primêr 'n grasbenutter is. Die vroeëre seisoenale benutting deur rooihartbeeste van bepaalde gebiede in die Rûensveld en omgewing waarin die BNP geleë is, het enige voedingstekorte wat mag ontstaan uitgeskakel. In die BNP was die diere beperk tot slegs 'n baie klein gedeelte van hul vroeëre verspreidingsgebied. Dit tesame met die reeds genoemde nie-wenslike plantontwikkelingstendense in die Park, het waarskynlik aanleiding gegee tot 'n proteïentekort by die diere wat weer sekondêre simptome soos 'n lae reproduksie en 'n afname in massa tot gevolg gehad het. Hierdie diere was in grootte en massa heelwat kleiner as die rooihartbeeste in die Kalahari-gemsbok Nasionale Park, wat nog na willekeur rondbeweeg.

Al die bogenoemde bewegegredes het gedurende Maart 1975 daartoe gelei dat die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke besluit het om die rooihartbeestot (4♂, 4♀, 2 kalwers) uit die BNP te verwyder. As gevolg van beperkte natuurlike hulpbronne in die BNP, sal prioriteit voortaan verleen word aan die bewaring van bepaalde diersoorte, soos die bontebok, vaalribbok *Pelea capreolus* en verskeie kleinere antilooptsoorte soos veral die Kaapse grysbok *Raphicerus melanotis*. Optimum bestaanstoestande sal sover moontlik vir hulle geskep word, veral met behulp van beproefde veldbestuurspraktyke.

VERWYSINGS

- BARROW, J. 1801. *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*. 1. London: T. Cadell Jun. 8 W. Davies.
- BATEMAN, J. A. 1961. The mammals occurring in the Bredasdorp and Swellendam districts, C.P., since European settlement. *Koedoe* 4: 78–100.
- DU PLESSIS, S. F. 1969. The past and present geographical distribution of the Perissodactyla and Artiodactyla in southern Africa. M.Sc. Thesis, Univ. of Pretoria.
- LICHTENSTEIN, H. 1811. *Reisen in Südlichen Afrika in der Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806*. I. Berlin: C. G. Lüderitz.
- PENZHORN, B. L. 1971. A summary of the re-introduction of ungulates into South African national parks (to 31 December 1970). *Koedoe* 14: 145–159.
- VAN RENSBURG, A. P. J. 1975. Die geskiedenis van die Nasionale Bontebokpark, Swellendam. *Koedoe* 18: 165–190.